**Saterdag 8 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 122:1-9**
**Fokusgedeelte: Psalm 122:1-9**
**Jerusalem – die stad wat dissipels vol blydskap maak**

Psalm 122 is "'n Bedevaartslied ..." (vs 1). Ons kan ook sê: 'n lied vir die pelgrimstog na Jerusalem. Psalms 120-134 is 'n versameling pelgrimstogliedere. Wanneer die Ou-Testamentiese gemeentes drie keer per jaar opgegaan het na Jerusalem vir Pasga, Pinkster en die loofhuttefees (Lev. 23), is hierdie pelgrimstogliedere gesing. By Jerusalem aangekom, het hulle dan vol blydskap die HERE in die erediens aanbid. Daarom sê Dawid: "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Laat ons na die huis van die HERE gaan!" (vs 1). In vers 2 het Dawid-hulle daar aangekom. En dan borrel hulle met blydskap. Hoekom? Wel, kyk die stad!

1. Dis hierdie hegte eenheid (vs 3). En soos die stad is, so is die volk van die stad. Die volk bestaan uit verskillende stamme. Tog is hulle een. Waarom? Omdat hulle "die stamme van die HERE ..." is (vs 4). In die HERE is hulle een. Die wêreldstad, Babilon, is nie so nie. Eenheid is daar gedwonge integrasie (Dan. 2:41-43). Maar altyd weer bars alles in haat uitmekaar (Rom. 1:28-32).

2. In Jerusalem staan die HERE, en blye lofprysing van die HERE, eerste. Dis waarom Dawid-hulle soontoe gaan. Dis "om ... die HERE te loof" (vs 4). Die HERE skep en verlos ons hiervoor. In skepping en verlossing gee Hy Hom Homself vir ons in 'n verbondsverhouding. Ons leer Hom ken en Hy vul ons met verwondering en blydskap (Ps. 16:2, 11). Uit hierdie vervuldheid borrel ons oor in lofprysing. In Babilon droog die blydskap altyd op. Want daar prys ons onsself (Gen. 11:3-4; Dan. 4:30), of iets in die wêreld (Rom. 1:23-25). Maar ons stel onsself altyd teleur (Ps. 146:3-4). "En die wêreld gaan verby ..." (1 Joh. 2:17).

3. In Jerusalem regeer koning Dawid (vs 5). Die HERE sal "vir Dawid 'n regverdige Spruit verwek, en as Koning sal Hy regeer ... en reg en geregtigheid doen ..." (Jer. 23:5). En dan is daar vrede! Want "die werking van die geregtigheid sal vrede wees ..." (Jes. 32:17). Babilon is anders. Daar is ongeregtigheid, verdrukking, onrus, onvrede.

In die Ou Testament is Jerusalem, met sy wonderlike eenheid (vs 3-4), lofprysing van die HERE (vs 4), en koning Dawid, wat regverdig regeer en vrede bring (vs 5), 'n heenwysing van die nuwe Jerusalem. Of ons kan ook sê: van die Koninkryk van vrede, wat die Koning Dawid – Jesus – bring.

Daardie Koninkryk van vrede is nou al reeds – nog onvolkome, maar tog – in die Nuwe-Testamentiese gemeente 'n werklikheid. In Jesus is mense uit verskillende "stamme en volke en tale" waarlik een (Ef. 2:11-22; Gal. 3:28). In Jesus kom bly die HERE in ons (2 Kor. 6:16). Ons word Jerusalem, waar die HERE, en sy verheerliking, eerste staan. En Jesus, ons Koning (Ef. 1:22-23), maak van ons deur sy Gees, te midde van 'n wêreld vol onreg en onvrede, al meer 'n Jerusalem vol geregtigheid en vrede.

Kom ons bid vir die vrede van Jerusalem (vs 6-9). Die vrede wat die HERE deur Jesus en sy Gees gee, maak ons al meer die Jerusalem wat ons moet wees – radikaal anders as Babilon, een in Jesus, 'n plek vol blydskap, geregtigheid en vrede, terwyl ons op weg is na die volmaakte nuwe Jerusalem.

*Sing: Psalm 122-1:1-2*
*Ds. AJ Rossouw (Cobus) (Hendrina/Carolina)*